## 20 November - UUR

**Skrifgedeelte: Prediker 3 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Prediker 3:1**

Ons wil so graag in beheer wees van ons lewe, maar al waarheen dit lei, is tevergeefsheid en frustrasie, want God beskik. God se Raadsplan staan vas en daar is 'n bepaalde tyd, plek en *uur* vir alles! "Alles het sy bepaalde *uur"*, sê die Prediker in vers 1. In vers 2-8 word dinge genoem waarvan God die tyd beheer; 28 dinge word genoem.

God bepaal egter die grense. Dié grense vind ons in vers 2: *geboorte en dood*. Tussen hierdie twee grense beheer God alles. Hy bepaal die *uur* en tyd van elke saak. God is in beheer en ons moet sy soewereiniteit vertrou. Ons moet Hom aanbid vir sy soewereiniteit, eerder as om in opstand te kom.

As ons sy plan geken het, sou ons dit probeer verander het! By God se plan kan ons niks byvoeg of weglaat nie. Hy is in beheer! God ken die mens. Sy plan het Hy vasgestel. Maar hoe is die mens! Selfs oor God probeer hy redeneer! Selfs van sy Goddelike Woord laat hy weg en voeg by om sy sonde te regverdig!

Nee, sê vers 14 in ons Skrifgedeelte, God bedoel dit dat ons Hom moet vrees! En dit is dat ons 'n kinderlike ontsag en heiligheid vir Hom moet hê! Ons moet op Hom vertrou, want Hy is in beheer van alles – ook tyd, geboorte, lewe en sterwe. Sy Gees vertroos ons in die *uur* van hartseer, en antwoorde kan ons alleen vind in God se Woord wat in Christus vervul is!

Nog te meer as Nuwe-Testamentiese Christene kan ons weet dat ons selfs die dood nie hoef te vrees nie! Ook daarvan bepaal die Here die tyd en die uur. Op God kan ons vertrou. Hy het sy Seun voorsien wat die sonde oorwin en die dood vernietig het! Die gelowige is bestem is vir die ewigheid, want Christus het oorwin.

*Sing: Psalm 89:17 (1936-beryming)*

*Ds LAS Nel (Elandskraal)*